Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

Januarie 2019

KAN EEN BYVOEGMIDDEL ALLES DOEN?

Meerdoelige-funksie byvoegmiddels het vir verskeie redes, baie gewild in Suid-Afrika geword. Eerstens word daar minder byvoegmiddel produkte op plaasvlak gebruik. Tweedens hoef die agent minder byvoegmiddels in voorraad te hou. Derdens is daar ‘n kostebesparing omdat al die komponente in een produk geformuleer is, wat die behoefte vir veelvoudige byvoegmiddel produkte, verminder. Villa is nie teen die gebruik van meerdoelige-funksie byvoegmiddels nie, maar daar is twee kritieke punte wat in ag geneem moet word.

Byvoegmiddel dosis

Elke byvoegmiddel groep, naamlik benatters, olies, buffers, sout byvoegmiddels, kleefmiddels en neerslag hulpmiddels, het ‘n kritieke dosis waarteen dit optimaal presteer. Soms is hierdie dosis redelik hoog en dit is belangrik dat die korrekte dosis toegedien word om optimale effektiwiteit te bewerkstellig.

Indien twee byvoegmiddel funksies vir ‘n spesifieke gewas beskerming produk (GBP) benodig word, is dit eenvoudig om dit met twee byvoegmiddels te verskaf. Indien ‘n meerdoelige-funksie byvoegmiddel produk egter gebruik word, is dit belangrik om seker te maak dat die byvoegmiddel genoeg van beide komponente bevat, om aan beide van hierdie vereistes te voldoen.

Daarom is die belangrike vraag of daar genoeg komponente in die formulasie ingebou kan word, om aan die vereistes van verskeie GBP te voldoen.

Ongewensde of antagonistiese eienskappe

Verskillende GBP het verskillende byvoegmiddel vereistes. Sekere GBP het verhoogde verspreiding van spuitdruppels, verhoogde opname eienskappe en buffer van die spuitoplossing nodig. Ander GBP het ook verhoogde druppel verspreiding en opname eienskappe nodig, maar dit mag deur ‘n lae pH benadeel word.

Wanneer meerdoelige-funskie byvoegmiddels gebruik word, moet daar eers seker gemaak word dat geen van die komponente in die formulasie enige antagonistiese eienskappe besit nie. ‘n Byvoegmiddel eienskap wat sinergisties vir ‘n sekere GBP is, mag antagonisties vir ‘n ander wees!

Villa se mening

Villa ondersteun die gebruik van meer as een byvoegmiddel produk indien die GBP meer as een byvoegmiddel behoefte het wat nie volledig deur ‘n enkele byvoegmiddel verskaf kan word nie. Op hierdie manier word daar verseker dat daar genoeg byvoegmiddel eienskappe verskaf word om aan al die vereistes van die GBP te voldoen. Dit verseker ook dat daar geen ongewensde of antagonisties byvoegmiddel eienskappe verskaf word nie. Op hierdie wyse word die werking van die GBP bevorder.

Villa is nie teen die gebruik van meerdoelige-funksie byvoegmiddel produkte nie. Daar moet egter verseker word dat daar genoeg byvoegmiddel verskaf word om aan al die behoeftes van die GBP te voldoen. Daar moet ook verder verseker word dat daar geen antagonistiese komponent via die meerdoelige-funksie byvoegmiddel verskaf word nie.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za

villa